# Kouland 2

## Episode 2: Suurwurm

**Kerngedagte :** Dit is moeilik om bly te bly wanneer die suur en swaar van die lewe jou wil onder kry. Ons blydskap lê nie in die dinge van die wêreld nie, maar in Jesus, wat reeds alles oorwin het.

**Doelwit :** Kinders gaan 'n refleksie aktiwiteit doen om te dink oor die rede waarom ons kan kies om altyd bly te wees, selfs wanneer dinge gebeur wat ons die suur en sleg van die lewe laat ervaar.



**Sleutelteks:** Filippense 4:4

**Bybelverhaal:** Paulus 'n ware suurwurm

Van al die lekkers waarmee mens geassosieer wil word, is 'n suurwurm seker die een wat die minste mense sou kies. As mense die keuse kon hê om nooit suur te voel nie, sou almal sekerlik met breë glimlagte rondgeloop het. Tog is dit juis die opdrag wat ons kry in Filippense 4:4. Wees altyd bly. Soos wat mens hierdie sin lees, kan mens voel hoe sak jou moed in jou skoene. Het die Here dan nie geweet in watter tye ons gaan leef toe hierdie opdrag gegee is nie? Weet die Here dan nie van siekte, swaar, teleurstelling, druk en gejaag wees nie? Dan, sien jy skielik raak dat die sin nie klaar is nie. Daar is 'n tweede deel wat nuwe hoop in hierdie stopstraat opdrag blaas. Wees altyd bly **IN DIE HERE,** ja wees bly.

Skielik verander alles. Ons blydskap word nie veroorsaak deur die aardse dinge wat rondom ons gebeur of nie gebeur nie. Dit lê eerder in Iemand wat die bron van oorvloed en blydskap in jou hart kan bring. Die een wat alle suur en seer en swaar verduur het en die volle prys daarvoor betaal het ook. Die een wat steeds in die swaarste oomblik in Sy aardse lewe bly pleit het vir mense. Dit is Hy, die een wat swaar ken, wat vir jou wil sê dat jy moet bly wees ten spyte van jou swaar. Sy liggaam is gebreek vir ons foute. Tog, op die derde dag, het Hy opgestaan as oorwinnaar oor die vlees en die dood. Hy wil dieselfde oorwinning vir jou ook gee. Hy wil die krake wat die lewe op jou agter los gebruik om Sy lig en Sy blydskap deur dit te laat skyn.

Kyk weer 'n slag na die liewe ou suurwurm met sy suursuiker jassie. Al kleef die suur aan hom, bly sy binneste stroopsoet. Paulus was 'n regte suurwurm. Die lewe het gereeld suursuiker oor sy jas gestrooi. Voor Paulus die Here geken het, was hy ook maar 'n suur man met 'n suur hart. Die werke van sy hande was afbrekend, neerhalend en selfs afdwalend. Toe ontmoet Hy die Here en sy hele lewe het verander. Hy het ware blydskap ontdek en nooit weer daarvan weggedraai nie. Tog, weet ons almal dat Paulus se lewensverhaal nie juis getuig van aardse blydskap en gemak nie. Tog, van die soetse werk Paulus vir die Here gedoen het, is gedoen in sy suurste oomblikke.

Die gedeelte wat ons vandag op fokus is Filippense 4:4. Wees altyd bly in die Here. Ironies, het Paulus hierdie woorde nie eers self geskryf nie. Sy hande was heel waarskynlik vasgebind in die tronk en iemand moes dit vir hom skryf.

Ons het verlede week oor verskonings gepraat. Hoe maklik dit vir ons is om verskonings te maak vir die dinge wat ons ongemaklik laat voel. Partykeer gebruik ons slegte ervarings en hartseer gebeure as verskoning waarom ons nie bly kan wees nie. Vandag moet ons leer by die suurwurm. Ons moet die fokus skuif. Die blydskap waarna ons almal smag is nie as gevolg van die dinge wat rondom ons gebeur nie, maar wat in ons moet gebeur. Moenie toelaat dat die suur en die seer van die lewe jou binneste verteer nie. Jy kan vandag kies om bly te wees. Jy kan vandag kies om oorwinnaar te wees ten spyte van jou omstandighede. Die suurwurm is juis lekker omdat die soet van sy binneste juis beklemtoon word deur die suur suiker wat oor hom gestrooi is. Wanneer ons kies om die Bron van Blydskap in ons binneste te hê, sal selfs die suurste oomblikke in ons lewens ons nie oorwin nie. Hy wat seerkry en swaarkry verstaan, staan gereed om jou oorwinnaar in Hom te maak. Vandag kan jy kies om 'n suurwurm te wees. Jy kan kies om bly te wees al gebeur daar dinge rondom jou wat jou suur laat voel. Hou vas aan die Bron van blydskap en ervaar hoe die Here jou gebruik om Sy soetse spore in die suur oomblikke agter te laat.

# 1. Ontmoet & Groet

## 'n Hartlike hallo aan julle dierbare Koubouters!

My naam is (naam) en welkom by Kouland! Dit is die naam van ons eie lekkergoedfabriek. Vandag is die dag. Ek voel dit sommer so aan my suikersnufster (wys na jou neus) Vandag gaan ons aan 'n nuwe soort lekkergoed dink. Is julle gereed?

Wonderlik, maar voor ons dit doen, moet ek eers kyk of ek ware lekkergoedmakers hier in die span het. Laat ek eers bietjie sien...

### Koubouter strek:

1. Maak oop julle monde en sê kliphard AAAAHHHH – ja-nee julle suikerbekkies lyk vir my nog heel goed. Tande is mooi heel en sonder gaatjies. Onthou, 'n ware lekkergoedmaker kyk altyd mooi na sy tande.

2. Spring in die lug en as jy land moet jy jou knieë wikkel – Ja, nee wat ek sien julle het nog genoeg jellie in julle bene- dit lyk goed, dit lyk goed

3. Kom ons dink – draai bietjie vir my spookasem op ''n groot groot stok met jou linkerhand (swaai arms) en met jou regterhand – pragtig!

4. Sê bietjie vir my "suurwurm sherbet" so vinnig as wat julle kan 'n paar keer na mekaar dat ek kan kyk of julle tonge knoop – fantasties.

5. Okay laaste moet ek seker maak julle koppe is nie teen die dak vas gedink nie. Kom ons gaan haal weer ons koppe daar bo teen die dak en terwyl ons strek asem ons lekker diep in (raak die dak). En dan asem ons lekker uit en raak ons tone. Daarsy, bring daai koppe weer terug af na ons lywe toe.

6. Sit PLAT!

Nee wat, ek sien ek het ''n wenspan saam met my hier vandag. Maar hoe lyk dit vir my hier is ''n paar nuwe gesiggies ook hier by ons? Baie welkom, ons is so bly jy  het kom kuier.

Maats, jy gaan vandag 'n baie spesiale boek kry. Ons noem dit ons Bouboeke (wys 'n Bouboek). Nou, hierdie boek help ons om ons koppe en hartjies lekker sterk te bou met dit wat die Bybel vir ons leer. Op hierdie manier kan ons Koninkrykbouers wees wat Jesus se liefde. Jy moet asb. elke week jou Bouboek saambring, want ons gaan al ons kunsies in hierdie boek bêre. EN weet julle

wat nog? Agterop elke kunsie is daar ‘n spesiale briefie vir mamma en pappa. Hulle kan dan saam met ons leer en dan kan hulle hartjies en koppe ook sterk word met dit wat in die Bybel staan. Klink dit soos ‘n plan? So onthou asb. om elke keer jou boekie saam te bring as jy kom kuier hoor?

Man, ek wil nou eers bietjie dans, wie van julle wil saam met my dans? Wonderlik, kom ons maak daai litte behoorlik los!

Speel die musiek video en dans saam met die kleuters.

## 2. Grootgroep Aanbieding

Man, julle is net fantasties. Sulke wakker Koubouters wat my nou gaan help om aan ‘n nuwe soort lekkergoed te dink. Gepraat van lekkergoed. Ek het gereël dat een van die bekende lekkergoedmakers in die stad vir ons kom kuier om sy lekkergoed geheime vir ons te leer.

**KLEINGROEP LEIER1:** O gonna, ek het skoon vergeet om vir jou te sê. Hy het ‘n briefie vir jou hier afgelaai vanoggend vroeg.

Ag fantasties, dalk is dit iets interessant. Laat ons net sien

*(Maak koevert oop en lees briefie)*

*Liewe Kouland span,*

*Ek is so jammer ek sal nie meer vandag kan kom kuier nie. Ek gaan deur so ’n hartseer en moeilike tyd. My Tannie is baie siek en ek moet die familie help. In die koevert is van my gunsteling soorte lekkers wat ek maak. EK hoop julle verstaan. Ek is baie jammer.*

Ag siestog weet jy, dit is vreeslik. Die dierbare skat het nog in sy hartseer gedink om vir ons van sy lekkers ook te stuur, is hy nou nie dierbaar nie. Laat ek bietjie sien (gooi suurwurms uit koevert uit.) Siesa, hier is wurms wat die lekkers opgeëet het! Staan terug! (Gryp ‘n blik Doom)

***Indien kleuters nie reageer nie, moet ‘n kleingroep leiernet inval deur te sê dat dit suurwurms is.***

Nee nee hulle is ’n nie suur nie - ek is suur. Hulle het my lekkers geëet, maar ek gaan nou van hulle sneeuwurms maak as ek hulle spierwit met die gif spuit.

***Indien kleuters nie reageer nie, moet ‘n kleingroep leiernet inval deur te sê dat dit ‘’n soort lekkergoed in die vorm van ‘’n wurm is, maar eintlik is dit net suur lekkers.***

Suur lekkers? Dit is nou 'n lekker grappie. Lekkers is nie suur nie, lekkers is soet. Wag dat ek julle wys (vat 'n suurwurm en eet hom. Trek jou gesig vreeslik) Sjoeeeeee aaai trek hy nou sommer my lippe na my ore toe. FOEI maar dis suur.....wag so bietjie, daar word hy soet. Hmmmm heerlik. Stroopsoet.

Sjoe, ek het nou nie gedink die lekkertjie gaan regtig suur wees nie. Sjoe maar ek kon darem nie anders as om my gesig te trek vir daai suur storie nie. Nou is die lekkertjie weer so soet dat ek nie eers kan dink dat ek my gesig so getrek het nie.  Is dit nie maar hoe die lewe ook werk nie né? Vol suur en vol soet dinge.

Trek bietjie vir my jou gesig asof jy iets suur geëet het. Wanneer slegte goed met ons gebeur, dan word ons hartseer en kwaad. Ons kan dit nie keer nie. Net soos wat jy jou gesig trek as jy iets suur eet. Jy kan dit nie help nie. Sê bietjie vir my, wat het al met jou gebeur wat jou hartseer of bang of dalk kwaad gemaak het? (laat kleuters toe om te deel)

Wys bietjie vir my hoe lyk jou gesig as jy bly is. As jy lekker lag, of opgewonde is of as jy dalk spesiaal voel. Sê bietjie vir my, wat het al met jou gebeur wat jou bly, opgewonde en spesiaal  laat voel het. Wat gemaak het dat jy so lekker kan lag? (laat kleuters toe om te deel)

Maatjies, ek dink nou sommer aan 'n versie in Filippense 4:4. Dit sê ons moet altyd bly wees.

**Kleingroep leier2:** Altyd bly wees? Nee man dit is onmoontlik. Hoe kan mens heeltyd bly wees? Slegte goed gebeur en dan word mens hartseer en bang en kwaad.

Nee dierbare skat, die versie is nie klaar nie. Filippense 4 vers 4 (wys 4 met albei jou hande soos wat jy die vers sê. Wees altyd bly IN Jesus. Jesus is die geheim. Ja, slegte goed gebeur en dan WORD ons hartseer en bang en kwaad, maar weet jy wat? Al voel dit miskien of jy so bietjie aan die verloor kant is as dinge sleg gaan,  is jy nogsteeds aan die wenkant.

Wie van julle hou daarvan om aan die wenspan se kant te wees? Man, ek ook. As jy kies dat Jesus in jou hart bly dan sal jy altyd aan die wenkant wees. Al gebeur slegte goed, wen jy nogsteeds. Wag so bietjie, spring gou op dan sê julle saam met my:

**Filippense 4  - vers 4**  (Wys 4 vingers langs albei ore)

**Wees bly** (Draai 4 vingers diagonaal langs jou gesig na Mond om glimlag te wys)

**Al voel jy suur** (Laat sak hande maar hou jou vingers, om hartseer mond te wys)

**Niks kan jou wegvat uit Jesus se Hand** (Skud wysvinger heen en weer)

**Hy is altyd aan jou kant** (Wys na jouself en dan na 'n maat)

Man, julle leer so vinnig! Sjoeee (kyk op na die dak toe) kyk net hoe het ons al weer ons koppe tot teen die dak gedink. Kom ons gaan haal hulle eers weer, dan vertel ek julle van iemand in die Bybel wat ook aan die wenkant was toe dit baie sleg met hom gegaan het.

## Kabouter strek:

*Kom ons gaan haal ons wakker koppies daar heel bo teen die dak (Haal lekker diep asem as jy die dak raak) en ons bring hulle bietjie af na onder toe om te kom rus (asem uit soos wat jy jou tone raak) – herhaal proses tot jy sien kleuters is weer rustig en gereed om verder te luister.*

## Bybelverhaal:

*(haal feltbord uit met karakter. Sit karakters teen felt bord soos wat jy die verhaal vertel)*

Daar was 'n man met die naam Paulus. Nou maats, Paulus was nie altyd aan die wenkant nie. Paulus het eintlik teen die wenkant geveg. Sien, hy was nie altyd ''n kind van Jesus nie. Paulus was sommer suur van binne en van buite. Hy het altyd gebrom en gekla en het sommer niks van kinders van God gehou nie.

Toe gebeur iets wonderlik. Paulus ontmoet vir Jesus en sy hele lewe verander. Jesus het Paulus se hart kom verander. Sy suur hart is sommer stroopsoet gemaak met Jesus se liefde. Amper so soet soos die binnekant van hierdie suurwurm lekkertjie. (wys lekkertjie)

Vandat Paulus vir Jesus leer ken het, was hy altyd bly. Nou maatjies, dink julle dit het altyd goed gegaan met Paulus? (laat kleuters toe om te reageer) Dink julle hy het nooit hartseer of kwaad of bang geword nie? (laat kleuters toe om te reageer). Nee arme ou Paulus het deur baie slegte dinge gegaan, maar dit het nooit sy hart verander nie. Weet julle waar het Paulus van sy heel beste werk vir die Here gedoen? (laat kleuters toe om te reageer?) In die tronk. Slegte mense het vir Paulus in die tronk gegooi omdat hy ''n kind van Jesus was. Terwyl hy in die tronk was, het hy briewe vir kerke geskryf om vir hulle te sê dat hulle moet aanhou om mense van Jesus te vertel. Maatjies, ons lees vandag nog hierdie briewe van Paulus.

Paulus kon so maklik gekies het om net hartseer en suur te bly omdat hulle hom in die tronk gegooi het. Ja, dit was nie lekker daar nie, maar Jesus was in Paulus se hart en al was hy hartseer, het hy nie soos ''n verloorder gevoel nie.

Haai dit is amper soos hierdie suurwurm lekkertjies. Sien julle die suur suikertjies wat op die wurm se lyfie is? As slegte dinge gebeur voel dit ook of dit sommer so aan ons vasplak. Ons kan nie help om hartseer of bang of kwaad te voel

nie. Ons is mos gemaak om te voel. Jesus nooi ons uit om met Hom te praat oor alles wat ons suur laat voel.

Jesus wil ook graag hê dat die suur en sleg wat met ons lyfies gebeur nie ons harte moet suur maak nie. Ons moet onthou dat Hy aan ons kant is en as Hy aan ons kant is, is ons altyd aan die wenkant. Daarom kan ons altyd bly wees, want selfs al gaan dit nie goed nie, is Jesus goed. Hy bly lief vir ons en Hy bly goed vir ons.

Kom ons vertel weer vir mekaar wat sê Filippense 4:4

**Filippense 4 - vers 4** (Wys 4 vingers langs albei ore)

**Wees bly** (Draai 4 vingers diagonaal langs jou gesig na Mond om glimlag te wys)

**Al voel jy suur** (Laat sak hande maar hou jou vingers, om hartseer mond te wys)

**Niks kan jou wegvat uit Jesus se Hand** (Skud wysvinger heen en weer)

**Hy is altyd aan jou kant** (Wys na jouself en dan na 'n maat)

Wonderlik! Dankie, vir julle saamleer vandag. Kom ons gaan maak ''n kunsie om hierdie belangrike les te onthou.

# 3. Kleingroep aanbieding

*Sê die volgende in jou eie woorde:* Welkom in ons kleingroepie maats. My naam is (naam). Maats, jy gaan vandag 'n baie spesiale boek kry. Ons noem dit ons Bouboeke (wys 'n Bouboek). Nou, hierdie boek help ons om ons koppe en hartjies lekker sterk te bou met dit wat die Bybel vir ons leer. Op hierdie manier kan ons Koninkrykbouers wees wat Jesus se liefde. Jy moet asb. elke week jou Bouboek saambring, want ons gaan al ons kunsies in hierdie boek bêre. EN weet julle wat nog? Agterop elke kunsie is daar 'n spesiale briefie vir mamma en pappa. Hulle kan dan saam met ons leer en dan kan hulle hartjies en koppe ook sterk word met dit wat in die Bybel staan. Klink dit soos 'n plan? Onthou om jou boekie saam te bring volgende keer.

## Ysbreker: Ken mekaar

1. Deel vir elke kleuter ''n suurwurm uit
2. Tel tot 3, dan moet almal die suurwurm in hul monde sit
3. Kyk wie kry dit reg om nie hul gesigte te trek nie

Wanneer slegte goed met ons gebeur, dan word ons hartseer en kwaad. Ons kan dit nie keer nie. Net soos wat jy jou gesig trek as jy iets suur eet. Jy kan dit nie help nie.

Gelukkig het die suurwurm vandag vir ons herinner aan ''n baie belangrike les. Ons moenie dat dit wat met ons gebeur maak dat ons soos verloorders voel nie. As Jesus in ons harte bly, kan ons bly bly. Hy maak van ons wenners en Hy is altyd aan ons kant.

## Kunswerk: Paulus die suurwurm

Paulus kon so maklik gekies het om net hartseer en suur te bly omdat hulle hom in die tronk gegooi het. Ja, dit was nie lekker daar nie, maar Jesus was in Paulus se hart en al was hy hartseer, het hy nie soos ''n verloorder gevoel nie.

Haai dit is amper soos hierdie suurwurm lekkertjies. Sien julle die suur suikertjies wat op die wurm se lyfie is? As slegte dinge gebeur voel dit ook of dit sommer so aan ons vasplak. Ons kan nie help om hartseer of bang of kwaad te voel nie. Ons is mos gemaak om te voel. Jesus nooi ons uit om met Hom te praat oor alles wat ons suur laat voel.
Jesus wil ook graag hê dat die suur en sleg wat met ons lyfies gebeur nie ons harte moet suur maak nie. Ons moet onthou dat Hy aan ons kant is en as Hy aan ons kant is, is ons altyd aan die wenkant. Daarom kan ons altyd bly wees, want selfs al gaan dit nie goed nie, is Jesus goed. Hy bly lief vir ons en Hy bly goed vir ons.

## Kom ons vertel weer vir mekaar wat sê Filippense 4:4

**Filippense 4 - vers 4** (Wys 4 vingers langs albei ore)

**Wees bly** (Draai 4 vingers diagonaal langs jou gesig na Mond om glimlag te wys)

**Al voel jy suur** (Laat sak hande maar hou jou vingers, om hartseer mond te wys)

**Niks kan jou wegvat uit Jesus se Hand** (Skud wysvinger heen en weer)

**Hy is altyd aan jou kant** (Wys na jouself en dan na 'n maat)

### Intruksies:

1. Deel vir elke kleuter 'n aktiwiteitsvel uit
2. Laat kleuters die aktiwiteitsvel inkleur. Gebruik die tafelsout om suur suiker vir die wurmpies te plak op dei inkleurvel
3. Help die kleuters om die aktiwiteit in hul Bouboeke te liasseer.



Sondag 22 Januarie

# Naam:..............................................

## Kouland Episode 2: Paulus die Suurwurm

Bly bly en vol moed, gee ou Paulus sy raad.
terwyl tronkwagte brom so vies en so kwaad.
Onskuldig is Paulus in die tronk tiek-a-locks- toegesluit,
maar dit kan hom nie keer nie, die boodskap moet uit!
Selfs al sou Paulus graag in sy eie bed wou wees,
gebruik Hy die slegte tyd om by Jesus te wees.
Hy vertel vir mense van die blydskap en seën,
wat daar is in Jesus Christus vir ieder en een.
So kan jy ook selfs jou hartseer gebruik,
Om Jesus se oorvloed en oorwinning
In jou seer raak te kyk!

## (Filippense 4)

**Filippense 4 - vers 4** (Wys 4 vingers langs albei ore)

**Wees bly** (Draai 4 vingers diagonaal langs jou gesig na Mond om glimlag te wys)

**Al voel jy suur** (Laat sak hande maar hou jou vingers, om hartseer mond te wys)

**Niks kan jou wegvat uit Jesus se Hand** (Skud wysvinger heen en weer)

**Hy is altyd aan jou kant** (Wys na jouself en dan na 'n maat)



# Kouland 2 : Familie Studie

## Dierbare Koubouters Skatte!

Dit was omtrent 'n bedrywige dag in die fabriek vandag gewees. Wie sou kon dink dat 'n eenvoudige suurwurm lekkertjie so 'n mooi boodskap dra? Gaan deel nou hierdie waardevolle les met jou mense, sodat hulle saam met ons kan groei en kan Koninkryk Bou!

## Koubouter Koukis:

## Ysbreker:

Kry vir julle 'n pak suurwurms of suurlemoen skyfies. Probeer nou om dit te eet sonder om julle gesigte te trek.

Aarde! Dit is amper onmoontlik om nie jou gesig tre trek nie, want die suurlemoen is so suur. Net soos wat dit 'n nie moontlik is om nie jou gesig te trek vir suur lekkers of 'n suurlemoen nie, is dit nie altyd moontlik om bly te wees wanneer hartseer en slegte dinge gebeur nie. Jesus verwag nie van ons om nooit hartseer te wees nie. Ons moet wel kies om aan Jesus vas te hou, want dan kan ons agterkom dat ons blydskap nie in die wêreld se dinge moet wees nie, maar in Jesus moet wees. Na vandag se lessie dink ons almal so bietjie anders oor 'n suur wees nadat ons suurwurm se lessie gehoor het. Eintlik verduidelik 'n suurwurm vir ons baie mooi wat die woorde van Filippense 4:4 beteken.

### Ons stukkie vir vandag is in Filippense 4:4.

Kom ons dink saam oor die volgende:

1. Verduidelik wat hierdie gedeelte sê in jou eie woorde.
2. Waarom gebeur daar nogsteeds slegte dinge met ons as ons kies om kinders van Jesus te wees?
3. Wat sal gebeur as ons net die slegte goed wat met ons gebeur raaksien?
4. Wat sal gebeur as ons kies om op Jesus raak te sien wanneer slegte goed rondom ons gebeur?

Paulus was 'n regte suurwurm. Die lewe het gereeld suursuiker oor sy jas gestrooi. Voor Paulus die Here geken het, was hy ook maar 'n suur man met 'n suur hart. Toe ontmoet Hy die Here en sy hele lewe het verander. Hy het ware blydskap ontdek en nooit weer daarvan weggedraai nie. Tog, weet ons almal dat daar nogsteeds baie slegte dinge met Paulus gebeur het wat hom baie maklik suur sou laat voel het. Paulus het geweet dat Jesus aan sy kant is. Vandag lees ons nogsteeds sy briewe wat hy geskryf het terwyl hy in die tronk gesit het!

5. Wat sou gebeur het as Paulus gekies het om te fokus op die slegte dinge wat met hom gebeur het?
6. Wat het gebeur omdat Paulus gekies het om Jesus raak te sien selfs wanneer die slegte goed met hom gebeur het?
7. Hoe kan die Here selfs die suur dinge in jou lewe gebruik om vir jou blydskap te gee? *(mens voel soms nader aan die Here as jy deur 'n moeilike tyd gaan. Die Here stuur mense op jou pad om jou te help. Die Here stuur mense op jou pad vir wie jy kan help. Hy het reeds die dood en seer oorwin)*
8. Hoe kan ons 'n suurwurm en die verhaal van Paulus se lewe gebruik om iemand te help wat deur ''n moeilike tyd gaan?



Dankie, vir julle saamleer vandag. Fluit-fluit ons kuier is uit, gaan versprei nou hierdie geloofsles vêr en wyd!

Skryf iemand se naam neer met wie jy hierdie boodskap gaan deel: ..........................................................................

Bly bly soos 'n suurwurm:

Die suur en sleg van die lewe, Laat jou glimlag sak en jou moed begin bewe, Tussen die suur en sleg moet jy tog onthou, dat suur en swaar net aan jou buitekant klou. Oorwinnaar in Jesus kan jy sterk bly staan, In die rus en die wete dat Hy voor jou uit gaan. Gee jou suurste seer vir Hom, Hy wil nooi jou uit om na Hom te kom. Gaan lees die raad wat Filippense 4 gee

Bly bly soos 'n suurwurm:

Die suur en sleg van die lewe, Laat jou glimlag sak en jou moed begin bewe, Tussen die suur en sleg moet jy tog onthou, dat suur en swaar net aan jou buitekant klou. Oorwinnaar in Jesus kan jy sterk bly staan, In die rus en die wete dat Hy voor jou uit gaan. Gee jou suurste seer vir Hom, Hy wil nooi jou uit om na Hom te kom. Gaan lees die raad wat Filippense 4 gee

Bly bly soos 'n suurwurm:

Die suur en sleg van die lewe, Laat jou glimlag sak en jou moed begin bewe, Tussen die suur en sleg moet jy tog onthou, dat suur en swaar net aan jou buitekant klou. Oorwinnaar in Jesus kan jy sterk bly staan, In die rus en die wete dat Hy voor jou uit gaan. Gee jou suurste seer vir Hom, Hy wil nooi jou uit om na Hom te kom. Gaan lees die raad wat Filippense 4 gee

Bly bly soos 'n suurwurm:

Die suur en sleg van die lewe, Laat jou glimlag sak en jou moed begin bewe, Tussen die suur en sleg moet jy tog onthou, dat suur en swaar net aan jou buitekant klou. Oorwinnaar in Jesus kan jy sterk bly staan, In die rus en die wete dat Hy voor jou uit gaan. Gee jou suurste seer vir Hom, Hy wil nooi jou uit om na Hom te kom. Gaan lees die raad wat Filippense 4 gee

Bly bly soos 'n suurwurm:

Die suur en sleg van die lewe, Laat jou glimlag sak en jou moed begin bewe, Tussen die suur en sleg moet jy tog onthou, dat suur en swaar net aan jou buitekant klou. Oorwinnaar in Jesus kan jy sterk bly staan, In die rus en die wete dat Hy voor jou uit gaan. Gee jou suurste seer vir Hom, Hy wil nooi jou uit om na Hom te kom. Gaan lees die raad wat Filippense 4 gee

Bly bly soos 'n suurwurm:

Die suur en sleg van die lewe, Laat jou glimlag sak en jou moed begin bewe, Tussen die suur en sleg moet jy tog onthou, dat suur en swaar net aan jou buitekant klou. Oorwinnaar in Jesus kan jy sterk bly staan, In die rus en die wete dat Hy voor jou uit gaan. Gee jou suurste seer vir Hom, Hy wil nooi jou uit om na Hom te kom. Gaan lees die raad wat Filippense 4 gee

Bly bly soos 'n suurwurm:

Die suur en sleg van die lewe, Laat jou glimlag sak en jou moed begin bewe, Tussen die suur en sleg moet jy tog onthou, dat suur en swaar net aan jou buitekant klou. Oorwinnaar in Jesus kan jy sterk bly staan, In die rus en die wete dat Hy voor jou uit gaan. Gee jou suurste seer vir Hom, Hy wil nooi jou uit om na Hom te kom. Gaan lees die raad wat Filippense 4 gee

Bly bly soos 'n suurwurm:

Die suur en sleg van die lewe, Laat jou glimlag sak en jou moed begin bewe, Tussen die suur en sleg moet jy tog onthou, dat suur en swaar net aan jou buitekant klou. Oorwinnaar in Jesus kan jy sterk bly staan, In die rus en die wete dat Hy voor jou uit gaan. Gee jou suurste seer vir Hom, Hy wil nooi jou uit om na Hom te kom. Gaan lees die raad wat Filippense 4 gee

Bly bly soos 'n suurwurm:

Die suur en sleg van die lewe, Laat jou glimlag sak en jou moed begin bewe, Tussen die suur en sleg moet jy tog onthou, dat suur en swaar net aan jou buitekant klou. Oorwinnaar in Jesus kan jy sterk bly staan, In die rus en die wete dat Hy voor jou uit gaan. Gee jou suurste seer vir Hom, Hy wil nooi jou uit om na Hom te kom. Gaan lees die raad wat Filippense 4 gee

Bly bly soos 'n suurwurm:

Die suur en sleg van die lewe, Laat jou glimlag sak en jou moed begin bewe, Tussen die suur en sleg moet jy tog onthou, dat suur en swaar net aan jou buitekant klou. Oorwinnaar in Jesus kan jy sterk bly staan, In die rus en die wete dat Hy voor jou uit gaan. Gee jou suurste seer vir Hom, Hy wil nooi jou uit om na Hom te kom. Gaan lees die raad wat Filippense 4 gee

Bly bly soos 'n suurwurm:

Die suur en sleg van die lewe, Laat jou glimlag sak en jou moed begin bewe, Tussen die suur en sleg moet jy tog onthou, dat suur en swaar net aan jou buitekant klou. Oorwinnaar in Jesus kan jy sterk bly staan, In die rus en die wete dat Hy voor jou uit gaan. Gee jou suurste seer vir Hom, Hy wil nooi jou uit om na Hom te kom. Gaan lees die raad wat Filippense 4 gee

Bly bly soos 'n suurwurm:

Die suur en sleg van die lewe, Laat jou glimlag sak en jou moed begin bewe, Tussen die suur en sleg moet jy tog onthou, dat suur en swaar net aan jou buitekant klou. Oorwinnaar in Jesus kan jy sterk bly staan, In die rus en die wete dat Hy voor jou uit gaan. Gee jou suurste seer vir Hom, Hy wil nooi jou uit om na Hom te kom. Gaan lees die raad wat Filippense 4 gee